Botha se 'musiek van stilte' in fokus

Cobus van Bosch, *Die Burger*
October 7, 2002

Die vyfde boek in die Taxi-reeks van publikasies oor Suid-Afrikaanse kunstenaars is pas in Kaapstad bekendgestel, en hierdie keer is die Kaapse fotograaf en kunstenaar Lien Botha in die kollig.

Met 'n omvattende inleidende essay deur Ashraf Jamal fokus *TaXi-005* op Botha se oeuvre die afgelope twaalf jaar, terwyl talryke illustrasies, deurgaans verryk met verse deur die Suid-Afrikaanse skrywer en digter Karen Press, van haar belangrikste tentoonstellings en projekte in herinnering roep, soos *Rites of faith* (1990), *Memorabilia* (1992), *Africana Collecteanea* (1994), *Portrette* (1995), *Krotoa's room* (1995), *The washing line* (1996), *Rhodes memorial* (1996), *Geweertjies in die voorhuis* (1998), *Ten degrees of separation* (2000) en *Radio Maria* (2002). Agter in die boek van 92 bladsye is daar ook vertalings in Nederlands en Frans van Jamal se essay.

In aansluiting by die boekbekendstelling is 'n mini-oorsig van Botha se werk tans te sien in die Bell-Roberts-galery in Loopstraat 199, Kaapstad.

Botha, wat van 1985 tot 1988 formele kunsopleiding aan die Michaelis-kunsskool in Kaapstad ontvang het, was in 1999 die Standard Bank Jong Kunstenaar (visuele kunste), en het haar werk al dwarsoor Suid-Afrika, asook die buiteland, ten toon gestel. Hoewel sy tydens haar studies op die skildergenre gefokus het, het sy egter gou die domein van fotografie as ideale medium vir artistieke uitdrukking gevind.

Haar werk is moeilik kategoriseerbaar, en wissel op formele vlak van fotografiese collages tot driedimensionele installasiekuns.

Inhoudelik word haar kuns, wat soms 'n sterk surrealistiese inslag toon, heel gepas deur Jamal beskryf as "musiek van stilte". Ondanks die feit dat haar werk gewoonlik fokus op onthutsende kwessies binne die private (soos geestesongesteldheid of die effek van geografiese verplasing) of openbare domein (die Anglo-Boereoorlog, koloniale verledes, ens.), is dit inderdaad stil en po'tiese uitdrukkings, gehul in 'n opvallende melancholiese stemming.

Daar is dikwels 'n tergende verborgenheid aan Botha se veelvlakkige beelde - soms grens dit selfs aan die esoteriese - maar die groter kwessies waarom dit wentel, is selde obskuur en altyd visueel prikkelend.

Die Taxi-reeks word uitgegee deur David Krut Publishing in samewerking met die Franse Instituut van Suid-Afrika. *TaXi-005* is ook geborg deur die Nederlandse Ambassade, die MTN-stigting, Pro-

Helvetia, die Switserse Agentskap vir Ontwikkeling en Samewerking, asook die Nasionale Kunsteraad.

Saam met die publikasie, wat in Kaapstad teen R135 te koop is by die Bell-Roberts-kunsgalery, is daar ook 'n opvoedkundige bylae waarin Botha se werk verder bespreek word, dikwels teen die agtergrond van bewegings in die geskiedenis van visuele kuns, asook die werk van ander Suid-Afrikaanse kunstenaars.

Ander kunstenaars wie se werk in die Taxi-reeks belig word, is Jo Ractliffe, Samson Mudzunga, Jeremy Wafer en Santu Mofokeng.

Tentoonstellings deur Ractliffe en Wafer is tans te sien in onderskeidelik die Bell-Roberts-galery (tot Saterdag) en die Sasol-kunsmuseum (tot 24 November) op Stellenbosch.

In die sesde en laaste Taxi-publikasie kom die werk van David Koloane aan die beurt.